basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

MUSIEK

RIGLYNE VIR PRAKTIESE ASSESSERINGSTAKE

GRAAD 12

2025

Hierdie riglyne bestaan uit 41 bladsye.

Kopiereg voorbehou

INHOUDSOPGAWE

		Bladsy
1.	**INLEIDING**	**3**
2.	**ONDERWYSER- EN LEERDERRIGLYNE**	**3**
2.1	Hoe om die PAT'e te administreer	3
2.2	Opsomming van vereistes	4
2.3	Opsomming van assessering	4
3.	**SPESIFIEKE VEREISTES VIR DIE PAT'e**	**5**
4.	**GEDETAILLEERDE BESKRYWING VAN DIE PAT'e**	**5**
4.1	PAT 1 – Konsertvoordrag: Opsies 1, 2 en 3	5
4.2	PAT 2 – Komposisie of Verwerking	8
5.	**VOORBEELDE VAN PAT'e EN ASSESSERINGSINSTRUMENTE**	**9**
5.1	PAT 1 – Konsertvoordrag	9
5.2	PAT 1 – Programnotas	13
5.3	PAT 1 – Besigheidsplan	17
5.4	PAT 1 – Voorbeelde vir Improvisasie	18
5.5	PAT 2 – Komposisie of Verwerking	33
5.6	PAT 2 – Voorbeelde vir Verwerking	34
6.	**VERKLARING VAN EGTHEID**	**36**
7.	**VOORGESTELDE HULPBRONNE**	**37**
8.	**WOORDELYS VAN TERME**	**38**
9.	**ADDENDUM: VOORGESTELDE BESIGHEIDSPLAN**	**41**
10.	**SAMEVATTING**	**41**

1. INLEIDING

Die 18 Kurrikulum-en-assesseringsbeleidsverklaring-vakke wat 'n praktiese komponent bevat, sluit almal 'n praktiese assesseringstaak (PAT) in. Hierdie vakke is:

- LANDBOU: Landboubestuurswetenskappe, Landboutegnologie
- KUNS: Dansstudies, Ontwerp, Dramatiese Kunste, Musiek, Visuele Kunste
- WETENSKAPPE: Rekenaartoepassingstegnologie, Inligtingstegnologie, Tegniese Wetenskappe, Tegniese Wiskunde
- DIENSTE: Verbruikerstudies, Gasvryheidstudies, Toerisme
- TEGNOLOGIE: Siviele Tegnologie, Elektriese Tegnologie, Meganiese Tegnologie en Ingenieursgrafika- en -ontwerp

'n Praktiese assesseringstaak (PAT) is 'n verpligte komponent van die finale promosiepunt vir alle kandidate ingeskryf vir vakke wat 'n praktiese komponent het en tel 25% (100 punte) van die finale promosiepunt. Die PAT'e word gedurende die eerste twee kwartale van die skooljaar afgehandel. Dit mag in verskillende fases of 'n reeks kleiner aktiwiteite afgebreek word wat saam die PAT opmaak. Die PAT bied leerders die geleentheid om op 'n gereelde basis gedurende die skooljaar geassesseer te word en dit maak ook voorsiening vir die assessering van vaardighede wat nie in 'n geskrewe formaat, bv. toetse of eksamens, geassesseer kan word nie. Dit is dus belangrik dat skole seker maak dat alle leerders die PAT'e binne die toegelate tydperk voltooi om te verseker dat leerders aan die einde van die jaar oor 'n PAT-punt beskik. Die beplanning en uitvoering van die PAT'e verskil van vak tot vak.

2. ONDERWYSER- EN LEERDERRIGLYNE

2.1 Hoe om die PAT'e te administreer

- Musiek het TWEE praktiese assesseringstake (PAT'e) met 'n gesamentlike gewig van 25% van die finale promosiepunt.
- Die PAT'e verseker dat die onderwyser leerders se verworwe vaardighede direk en sistematies waarneem. Hierdie vaardighede sluit praktiese en improvisasie-vaardighede, sowel as genoteerde kreatiewe uitsette, in.
- Die PAT'e moet gedurende die eerste twee kwartale van die Graad 12-jaar voltooi en ingelees word. Die PAT'e mag in enige volgorde voltooi word.
- Die PAT-punte word eers in aanmerking geneem by die berekening van die finale promosiepunt.
- PAT 1 moet in die vorm van 'n enkele konsertvoordrag gedoen word, terwyl PAT 2 as 'n reeks kleiner take oor die bestek van 'n paar weke voltooi kan word.
- Die PAT'e stem nou ooreen met die kurrikuluminhoud van Musiek en vorm deel van die onderrig- en assesseringsaktiwiteite.
- Ten minste 40% van PAT 2 moet in die klas onder toesig van die onderwyser gedoen word. Die onderwyser moet die werk as die leerder se eie verifieer. (Sien bladsy 36)
- Die voorbeelde in hierdie PAT-dokument dien slegs as basiese riglyn. Onderwysers mag hulle eie PAT'e saamstel wat meer geskik is vir hulle eie spesifieke kontekste. Hierdie PAT'e moet op dieselfde standaard wees as die voorbeelde hier gegee.
- Indien daar slegs een musiekonderwyser by 'n skool is, moet al die voordrag-gebaseerde assesserings (PAT 1 en die praktiese eksamens) saam met óf 'n musiekonderwyser van 'n buurskool, óf ‘n vakadviseur, óf 'n onafhanklike musiekspesialis gedoen word.
- Omvattende en toepaslike modereringspraktyke op skool-, distriks- en provinsiale vlak moet in plek wees ter wille van die gehalteversekering van die PAT'e.

2.2 Opsomming van vereistes

Die PAT'e, toetse, Junie-eksamen/kontroletoets, voorbereidende eksamen en finale eksterne eksamen vorm saam die finale punt vir Graad 12 Musiek.

2.3 Opsomming van assessering

KWARTAAL	KOMPONENTE			FINALE PUNT
PAT'e (In enige volgorde)				
1–2	PAT 1: Konsertvoordrag	50		
1–2	PAT 2: Komposisie OF Verwerking	50	**100**	**100**
SBA				
1	TOETS: Geletterdheid AMK Musiekbegrip	40 40 20	**100**	
2	JUNIE-EKSAMEN: Vraestel 1 (Geletterdheid & AMK) Vraestel 2 (Musiekbegrip) Vraestel 3 (Prakties) **OF** KONTROLETOETS: Geletterdheid AMK Musiekbegrip Prakties	 120 30 150 40 40 20 100	 **300** **OF** **200**	
3	VOORBEREIDENDE EKSAMEN: Vraestel 1 (Geletterdheid & AMK) Vraestel 2 (Musiekbegrip) Vraestel 3 (Prakties)	 120 30 150	 **300**	700 OF 600 omgeskakel na **100**
FINALE EKSTERNE EKSAMEN				
4	Vraestel 1 (Geletterdheid & AMK) Vraestel 2 (Musiekbegrip) Vraestel 3 (Prakties)	120 30 150	 **300**	300 x 2 ÷ 3 = **200**
PROMOSIETOTAAL %				**400** **100**

3. SPESIFIEKE VEREISTES VIR DIE PAT'e

PAT	BESKRYWING	PUNTE	
PAT 1	**Konsertvoordrag:** 1. EEN van DRIE (3) voordragopsies: • Konsertstuk (afgeronde repertoriumwerk) OF • Improvisasie OF • Inheemse Afrika-musiekwerk (afgeronde repertorium-werk) 2. Geskrewe programnotas oor die voordragwerk 3. Besigheidsplan	 30 10 10	 50
PAT 2	**Komposisie OF Verwerking:** EEN van DRIE (3) opsies: • Westerse Kunsmusiek: Geskrewe/gedrukte gedetailleerde partituur • Jazz: Geskrewe/gedrukte gedetailleerde partituur OF lewendige opname met gepaardgaande skeletpartituur/ skematiese diagram • Inheemse Afrika-musiek: Vokale werk in tonika-solfa OF lewendige opname met gepaardgaande skeletpartituur/ skematiese diagram	 50	 50
	TOTAAL VIR PAT'e		**100**

4. GEDETAILLEERDE BESKRYWING VAN DIE PAT'e

4.1 PAT 1: Konsertvoordrag

Verwys na die ADDENDUM vir voorstelle ten opsigte van die opstel van 'n gebalanseerde begroting vir die besigheidsplan.

Daar is DRIE (3) opsies hieronder. Elke leerder moet slegs EEN (1) kies.

Assessering
- Die konsertvoordrag, die programnotas en die besigheidsplan moet deur ten minste TWEE (2) musiekonderwysers of -spesialiste geassesseer word.
- Die bewys van assessering van die konsertvoordrag, die geskrewe programnotas en die besigheidsplan moet in elke leerder se lêer geplaas word.

4.1.1 Voordragopsie 1 – Konsertstuk (50)

Voordrag (30)
Elke leerder moet EEN (1) werk uit hul repertorium vir die finale praktiese eksamen in 'n konsert of 'n voordragklas speel. Die werk moet afgerond en voordraggereed wees.

Programnotas (10)
Elke leerder moet programnotas van 120–150 woorde oor die konsertstuk skryf. Inligting moet verwysings na die komponis, historiese feite, die vorm en styleienskappe van die werk insluit.

Besigheidsplan (10)
Elke leerder moet 'n geskrewe besigheidsplan rakende die begroting en kopiereg verskaf vir 'n konsert waarin die voordrag sou kon plaasvind.

- **Begroting:** Die gebalanseerde begroting (uitgawes gedek) moet die volgende insluit:
  Uitgawes: Kostestruktuur van 'n erkende konsertvenue vir die spesifieke styl van musiek, kunstenaarsgelde, kopiereggelde en enige ander ekstra fooie (die huur van instrumente/beligting/klanktegnici, ens.).
  Inkomste: Beraamde inkomste deur kaartjieverkope (kaartjieprys soos bepaal deur produksiekoste en bywoningsyfers van 70% van die venue-kapasiteit).
- **Kopiereg**: 'n Voltooide aansoekvorm vir die voordragregte van die spesifieke werk moet ingesluit word ongeag die ouderdom van die komposisie. In die geval van 'n nuwe werk moet die voltooide aansoek om kopieregregistrasie ingesluit word. Die vorm kan by https://musicuser.samro.org.za/forms/I-Licence-Agreement.pdf afgelaai word of aanlyn by https://musicuser.samro.org.za/ voltooi word.

4.1.2 Voordragopsie 2 – Improvisasie (50)

Voordrag (30)
Elke leerder moet EEN (1) improvisasie met 'n minimum van 24 mate in 'n konsert of voordragklas uitvoer, met begeleiding deur 'n toepaslike instrument(e) of opgeneemde agtergrondmusiek ('backtrack').

- **Tydsraamwerk:** Die begeleidingsmateriaal (akkoordprogressie of agtergrondmusiek) vir die improvisasie moet ten minste twee weke voor die tyd aan die leerder gegee word sodat die leerder kan voorberei.
- **Lewendige voordrag:** Gedurende die lewendige voordrag mag leerders slegs die akkoordprogressie, akkoordblad of skeletpartituur voor hulle hê. Die begeleiding moet een keer as inleiding gespeel word en daarna herhaal word terwyl die leerder improviseer. Vir slaginstrumente moet die begeleidende ritme deurgaans gespeel word.
- **Instrumente:**
  (a) Alle voordragte moet beide melodiese en ritmiese improvisasie insluit, behalwe by nie-melodiese slaginstrumente.
  (b) Kitaar, klavier, klawerbord- en orrelvoordragte mag uit enkellyn-improvisasies bestaan soos die geval is met blaas- en strykinstrumente.
  (c) Leerders wat op transponerende instrumente speel moet vooraf seker maak dat die improvisasie in die korrekte toonsoort voorberei word sodat dit pas by die begeleiding in konserttoonhoogte. Gepaste akkoordblaaie/skeletpartiture moet vir alle transponerende instrumente voorsien word.
- **Styl:** Die styl van die improvisasie word nie voorgeskryf nie. Die onderwyser mag geskikte materiaal, relevant tot die styl van musiek wat die leerder bestudeer, verskaf.

Programnotas (10)
Elke leerder moet programnotas van 120–150 woorde skryf waarin die musikale eienskappe van hul improvisasie verduidelik word. Dit moet aspekte soos vorm, harmonie, melodiese variasie, ritmiese variasie, ornamentasie en standaard-komposisietegnieke insluit.

Besigheidsplan (10)
Elke leerder moet 'n geskrewe besigheidsplan met betrekking tot begroting en kopiereg vir 'n konsert waarin die voordrag sou kon plaasvind, verskaf.

- **Begroting:** Die gebalanseerde begroting (uitgawes gedek) moet die volgende insluit:
  Uitgawes: Kostestruktuur van 'n erkende konsertvenue vir die spesifieke styl van musiek, kunstenaarsgelde, kopiereggelde en enige ander ekstra fooie (die huur van instrumente/beligting/klanktegnici, ens.).
  Inkomste: Beraamde inkomste deur kaartjieverkope (kaartjieprys soos bepaal deur produksiekoste en bywoningsyfers van 70% van die venue-kapasiteit).
- **Kopiereg:** 'n Voltooide aansoekvorm vir die voordragregte van die spesifieke werk moet ingesluit word ongeag hoe oud die komposisie is. In die geval van 'n nuwe werk moet die voltooide aansoek om kopieregregistrasie ingesluit word. Die vorm kan by https://musicuser.samro.org.za/forms/I-Licence-Agreement.pdf afgelaai word of aanlyn by https://musicuser.samro.org.za/ voltooi word.

4.1.3 Voordragopsie 3 – Inheemse Afrika-musiekwerk (50)

Voordrag (30)
Elke leerder moet EEN (1) inheemse Afrika-musiekwerk uit hul repertorium vir die finale praktiese eksamen in 'n konsert of voordragklas aanbied. Die werk moet afgerond en voordraggereed wees.

- Hierdie voordrag moet inheemse instrumentale en/of vokale musiek en dans (met drama opsioneel) insluit en moet die rol van musiek in die inheemse Afrika-gemeenskapslewe uitbeeld.
- Die groep mag nie uit meer as SES (6) leerders bestaan nie.
- Die eksamenkandidaat moet 'n aktiewe deelnemer in ten minste die musikale aspekte van die voordrag wees.
- 'n Spesifieke kultuur/tradisie moet verteenwoordig word. Die styl van die musiek mag nie izitibili (kontemporêre volksliedjies uitgevoer as koormusiek) wees nie.
- Die voordrag moet 'n maksimum van SEWE (7) minute duur.

Programnotas (10)
Elke leerder moet programnotas van 120–150 woorde oor die musiek- en dansvoordrag skryf. Die inligting moet verwysings na die oorsprong, spesifieke stilistiese en tradisionele kenmerke van die gekose musiek en dans, tradisionele instrumente wat gebruik is, asook kostuums en gehoordeelname insluit. Verwysing na die konteks van die werk binne die daaglikse lewe, d.i. ontspanning, werk, inisiasie, of religieuse aktiwiteite, moet ook ingesluit word. Voordragnotas mag ook reflektief van aard wees, bv. leerders kan notas skryf oor die proses wat gevolg is om die voordrag of aanbieding te beplan. Ervarings ten opsigte van die aanleer van die musiek en dansbewegings, soos tegniese probleme, die organiseer van die ensemble, instrumentasie en choreografie, mag ook ingesluit word.

Besigheidsplan (10)
Elke leerder moet 'n geskrewe besigheidsplan met betrekking tot begroting en kopiereg vir 'n konsert waarin die voordrag sou kon plaasvind, verskaf.

- **Begroting:** Die gebalanseerde begroting (uitgawes gedek) moet die volgende insluit:
  Uitgawes: Kostestruktuur van 'n erkende konsertvenue vir die spesifieke styl van musiek, kunstenaarsgelde, kopiereggelde en enige ander ekstra fooie (die huur van instrumente/beligting/klanktegnici, ens.).
  Inkomste: Beraamde inkomste deur kaartjieverkope (kaartjieprys soos bepaal deur produksiekoste en bywoningsyfers van 70% van die venue-kapasiteit).
- **Kopiereg:** 'n Voltooide aansoekvorm vir die voordragregte van die spesifieke werk moet ingesluit word ongeag hoe oud die komposisie is. In die geval van 'n nuwe werk moet die voltooide aansoek om kopieregregistrasie voorsien word. Die vorm kan by https://musicuser.samro.org.za/forms/I-Licence-Agreement.pdf afgelaai word of aanlyn by https://musicuser.samro.org.za/ voltooi word.

4.2 PAT 2: Komposisie OF Verwerking

Elke leerder moet ÓF Komposisie ÓF Verwerking kies.

Assessering
- Die komposisie of verwerking moet deur ten minste TWEE (2) musiekonderwysers of musiekspesialiste geassesseer word.
- Bewys van assessering van die komposisie of verwerking sowel as die werk self (in die vorm van 'n partituur, of 'n opname met gepaardgaande skeletpartituur/skematiese diagram) moet vir modereringsdoeleindes in elke leerder se lêer geplaas word.

4.2.1 Komposisie (50) OF Verwerking (50)

Elke leerder moet 'n oorspronklike werk komponeer of 'n bestaande komposisie verwerk aan die hand van die volgende kriteria:

Omvang
Die minimum vereiste lengte is 24 mate.
Enige tydmaatteken is aanvaarbaar behalwe 2/4-tyd.

Instrumentasie
Kies tussen die volgende instrumentasie-opsies:
- Klawerbordinstrument met/sonder solo-instrument
- Sanger met instrument(e)
- Ensemble van ten minste DRIE (3) instrumente
- Vokale ensemble of koor (SATB, TTBB, SSA, TTB)
- Inheemse Afrika-musiek:
  Instrumentale en/of vokale musiek en dans (met drama opsioneel) wat die rol van musiek in die inheemse Afrika-gemeenskapslewe uitdruk, bv. ontspanning, werk, inisiasie, of religieuse aktiwiteite.

Styl
Die komposisie of verwerking moet 'n tonale harmoniese basis hê tesame met duidelike melodielyne in 'n homofoniese of polifoniese tekstuur. Komposisies of verwerkings vir slaginstrumente moet idiomatiese ritmiese beginsels vir die betrokke instrument(e) as vertrekpunt neem.

Partituur
- Westerse Kunsmusiek: Elke leerder moet 'n gedetailleerde geskrewe of gedrukte partituur inlewer. Die partituur moet uitvoeringsaanduidings ten opsigte van tempo, dinamiek, artikulasie en karakter insluit. Die gebruik van toepaslike notasiesagteware word aangemoedig.
- Jazz: Die komposisie/verwerking mag soos volg ingelewer word:
  (a) 'n gedetailleerde partituur soos hierbo beskryf, OF
  (b) 'n lewendige opname met 'n gepaardgaande gedetailleerde skeletpartituur (met genoteerde melodieë, ritmes en akkoordsimbole), of 'n skematiese diagram (met die struktuur van die liedjie en aanwysings vir spesifieke instrumentale of vokale partye).
- Inheemse Afrika-musiek: Die komposisie/verwerking mag soos volg ingelewer word:
  (a) 'n gedetailleerde partituur vir vokale ensemble of koor in tonika-solfa, OF
  (b) 'n lewendige opname met 'n gepaardgaande gedetailleerde skeletpartituur (met genoteerde melodieë, ritmes en akkoordsimbole), of 'n skematiese diagram (met die struktuur van die liedjie en aanwysings vir spesifieke instrumentale of vokale partye). Die skematiese diagram moet instruksies vir die dans, sowel as die drama (indien toepaslik) insluit.

5. VOORBEELDE VAN PAT'e EN ASSESSERINGSINSTRUMENTE

5.1 PAT 1: Konsertvoordrag

PAT 1 (OPSIE 1): KONSERTVOORDRAG – Konsertstuk
TOTALE PUNT PAT 1: Voordrag _____/30 + Programnotas _____/10 + Besigheidsplan _____/10 = _____**/50**

Assesseringsverslag: VOORDRAG **Totaal: _____/30**

Leerder se naam	Datum
Komponis en titel	Instrument

INSTRUKIES
Speel EEN (1) stuk in 'n konsert of voorspeelklas. Hierdie werk moet afgerond en voordraggereed wees. Die stuk moet deel van die finale praktiese-eksamen-repertorium wees.

VOORDRAGKRITERIA	**MAKSIMUM PUNT**	**LEERDER SE PUNT**
Vloei en akkuraatheid	20	
Musikaliteit, stylbegrip, interpretasie	20	
Algemeen * Toonproduksie/Aanslag * Intonasie * Tegniese vaardigheid * Geskikte tempo * Verhoogpersoonlikheid	20	
Subtotaal	**60**	
Voordragtotaal (60 ÷ 2 = 30)	**30**	

Kommentaar
Onderwyser 1: Naam en handtekening
Onderwyser 2: Naam en handtekening

ASSESSERINGSINSTRUMENT VIR VOORDRAG (OPSIE 1)

VLOEI; AKKURAATHEID 20	MUSIKALITEIT; STYLBEGRIP; INTERPRETASIE 20	ALGEMEEN 20
(18–20) **UITSTEKEND** Akkuraat, vlot en presiese spel	**(18–20)** **UITSTEKEND** Duidelike begrip van die styl vereis, uitstekende projeksie en kommunikasie van die betekenis van die musiek	**(18–20)** **UITSTEKEND** Uitstekende toonproduksie, aanslag, intonasie, tegniese vaardigheid en toepaslike tempo, verhoogpersoonlikheid
(14–17) **GOED** Hoofsaaklik akkurate en vlot spel	**(14–17)** **GOED** Goeie sin vir voordrag in die betrokke styl, goeie begrip en kommunikasie van die betekenis van die musiek	**(14–17)** **GOED** Goeie toonproduksie, aanslag, intonasie, tegniese vaardigheid, tempo, verhoogpersoonlikheid
(10–13) **GEMIDDELD** Oor die algemeen akkuraat met redelike vloei	**(10–13)** **GEMIDDELD** 'n Redelike sin vir die vereiste styl; gedeeltelik suksesvolle kommunikasie van die betekenis van die musiek	**(10–13)** **GEMIDDELD** Redelike toonproduksie, aanslag, tegniese vaardigheid, tempo, verhoogpersoonlikheid
(6–9) **AANVAARBAAR** Tentatiewe tempo, polsslag nie deurgaans duidelik nie, gereelde huiwerings, beperkte vlak van akkuraatheid	**(6–9)** **AANVAARBAAR** Voordrag huiwerig met weinig aanvoeling vir styl, min musikale begrip	**(6–9)** **AANVAARBAAR** Beperkte begrip van toonproduksie, aanslag, intonasie, tegniese vaardigheid, tempo, verhoogpersoonlikheid
(0–5) **ONAANVAARBAAR** Baie swak kontinuïteit met gereelde struikelings, oor begin en/of onderbrekings, weinig akkuraatheid, baie foute	**(0–5)** **ONAANVAARBAAR** Styl vaagweg herkenbaar, gebrek aan musikale sin	**(0–5)** **ONAANVAARBAAR** Gebrek aan toonproduksie, aanslag-, intonasie-, tegniese vaardigheid, tempo, verhoogpersoonlikheid

PAT 1 (OPSIE 2): KONSERTVOORDRAG – Improvisasie

TOTALE PUNT PAT 1:
Voordrag _____/30 + Programnotas _____/10 + Besigheidsplan _____/10 = _____**/50**

Assesseringsverslag: IMPROVISASIEVOORDRAG **Totaal: _____/30**

Leerder se naam	Datum
Titel van Improvisasie	Instrument

INSTRUKSIES

1. Kies enigeen van **Opsies 1–6** en doen 'n minimum van 24 mate improvisasie.
2. Jy sal die akkoordblad/skeletpartituur twee weke voor die datum van die improvisasievoordrag ontvang sodat jy vir die optrede kan voorberei.
3. Jy mag geen partituur behalwe die akkoordblad/skeletpartituur voor jou hê tydens die voordrag nie.
4. Die begeleiding sal een keer as inleiding gespeel word, waarna dit herhaal sal word terwyl jy improviseer.
5. Die improvisasie sal, indien moontlik, opgeneem word ter wille van toekomstige verwysing. Twee musiekonderwysers sal die optrede assesseer.
6. Die voordrag moet melodiese en ritmiese improvisasie bevat, behalwe in die geval van nie-melodiese slaginstrumente waar die fokus op ritme sal wees.
7. Enkellyn-improvisasie is aanvaarbaar vir kitaar, klavier, klawerbord en orrel, soos die geval is met blaas- en strykinstrumente.
8. Leerders wat op transponerende instrumente speel, moet seker maak dat hulle improvisasies in die korrekte toonsoort gespeel word. Gepaste akkoordblaaie/skeletpartiture word vir transponerende instrumente verskaf.
9. Die improvisasie word volgens die volgende rubriek geassesseer:

IMPROVISASIEKRITERIA	MAKSMUM PUNT		LEERDER SE PUNT
	Ritmiese Improvisasie	Melodiese/Ritmiese Improvisasie	
Melodiese aspekte * Toonlere/Modusse, nie-harmoniese note * Melodiese motiewe, melodiese lyn/vorm	-	10	
Ritmiese aspekte * Ritmiese variasie, kompleksiteit * Ritmiese motiewe, ritmiese dryfkrag	20	10	
Algemeen * Kreatiwiteit * Vloeiendheid, akkuraatheid, tegniese vaardigheid * Intonasie, toonproduksie/aanslag	20	20	
Musikaliteit, stylbegrip, interpretasie	20	20	
Subtotaal	**60**	**60**	
Voordragtotaal (60 ÷ 2 = 30)	**30**	**30**	

Kommentaar
Onderwyser 1: Naam en handtekening
Onderwyser 2: Naam en handtekening

PAT 1 (OPSIE 3): KONSERTVOORDRAG – Inheemse Afrika-musiek

TOTALE PUNT PAT 1:
Voordrag _____/30 + Programnotas _____/10 + Besigheidsplan _____/10 = _____**/50**

Assesseringsverslag: IAM-VOORDRAG **Totaal: _____/30**

Leerder se naam	Datum
Titel	Instrument

INSTRUKSIES
1. 'n Inheemse Afrika-musiekwerk uit jou finale eksamenrepertorium moet in 'n konsert of voorspeelklas aangebied word.
2. Hierdie voordrag moet inheemse instrumentale en/of vokale musiek en dans (met drama opsioneel) bevat, en moet die rol van musiek in die inheemse Afrika-gemeenskapslewe uitbeeld.
3. Die groep mag nie uit meer as SES (6) leerders bestaan nie.
4. Jy moet 'n aktiewe voordraer in ten minste die musikale aspekte van die voordrag wees.
5. 'n Spesifieke kultuur/tradisie moet verteenwoordig word.
6. Die styl van die musiek mag nie izitibili (kontemporêre volksliedjies uitgevoer as koormusiek) wees nie.
7. Die voordrag moet 'n maksimum van SEWE (7) minute duur.
8. Die werk moet afgerond en voordraggereed wees.

KRITERIA	MAKSIMUM PUNT	LEERDER SE PUNT
Kultuur *Demonstreer begrip van die kultuur/tradisie	10	
Dans/Beweging en regalia * Toepaslikheid vir die styl/tradisie/kultuur * Geskiktheid van regalia	10	
Musikaliteit * Melodiese en ritmiese aanvoeling * Artikulasie, diksie, tegniese vaardigheid * Intonasie, toonproduksie	30	
Instrumentasie * Keuse en hantering van tradisionele instrumente * Balans, stemondersteuning	10	
Subtotaal	**60**	
Voordragtotaal (60 ÷ 2 = 30)	**30**	

Kommentaar
Onderwyser 1: Naam en handtekening
Onderwyser 2: Naam en handtekening

5.2 PAT 1: Konsertvoordrag – Programnotas

PAT 1 (OPSIE 1): KONSERTVOORDRAG – Konsertstuk (vervolg)

Assesseringsverslag: PROGRAMNOTAS **Totaal: _____/10**

Leerder se naam	Datum
Komponis en titel	Instrument

INSTRUKSIES

1. Skryf kort programnotas (120–150 woorde) oor die repertorium-werk wat in die konsert voorgedra is.
2. Verwys na die komponis, historiese feite, die vorm en styleienskappe van die werk.
3. Bronne wat geraadpleeg is, moet in 'n bibliografie erken word.
4. Punte sal toegeken word vir inhoud en aanbieding.

Kommentaar
Onderwyser 1: Naam en handtekening
Onderwyser 2: Naam en handtekening

PAT 1 (OPSIE 2): KONSERTVOORDRAG – Improvisasie (vervolg)

Assesseringsverslag: PROGRAMNOTAS **Totaal: _____/10**

Leerder se naam	Datum
Titel van Improvisasie	Instrument

INSTRUKSIES

1. Skryf programnotas (120–150 woorde) waarin jy die musikale eienskappe van jou improvisasie verduidelik.
2. Verwys na aspekte soos vorm, harmonie, melodiese variasie, ritmiese variasie, ornamentasie en standaard-komposisietegnieke.
3. Bronne wat geraadpleeg is moet in 'n bibliografie erken word.
4. Punte sal vir inhoud en aanbieding toegeken word.

Kommentaar
Onderwyser 1: Naam en handtekening
Onderwyser 2: Naam en handtekening

PAT 1 (OPSIE 3): KONSERTVOORDRAG - Inheemse Afrika-musiek (vervolg)

Assesseringsverslag: PROGRAMNOTAS **Totaal: _____/10**

Leerder se naam	Datum
Titel	Instrument

INSTRUKSIES

1. Skryf programnotas van 120–150 woorde oor die musiek- en dansvoordrag. Die inligting moet verwysings na die oorsprong, spesifieke stilistiese en tradisionele kenmerke van die gekose musiek en dans, tradisionele instrumente wat gebruik is, asook kostuums en gehoordeelname insluit.
2. Jy mag 'n beskrywing insluit van hoe jy die uitvoering beplan het, of jy mag melding maak van ervarings betreffende die aanleer van die musiek of danse.
3. Lewer kommentaar oor die konteks van die voordrag binne die gemeenskapslewe, d.w.s. ontspanning, werk, inisiasie, of religieuse aktiwiteite.
4. Bronne wat geraadpleeg is, moet in 'n bibliografie erken word.
5. Punte sal toegeken word vir inhoud en aanbieding.

Kommentaar
Onderwyser 1: Naam en handtekening
Onderwyser 2: Naam en handtekening

ASSESSERINGSINSTRUMENT VIR PROGRAMNOTAS (OPSIES 1, 2 EN 3)

<table>
<tr><th>INHOUD EN AANBIEDING
8</th><th>BIBLIOGRAFIE
2</th></tr>
<tr><td>(7–8)
UITSTEKEND
Samehangend, akkuraat, omvangryk</td><td rowspan="2">(2)
UITSTEKEND
Volledige bibliografie met voldoende erkenning van bronne</td></tr>
<tr><td>(5–6)
GOED
Meestal samehangend, meestal akkuraat, gedetailleerd</td></tr>
<tr><td>(3–4)
GEMIDDELD
Redelik samehangend, redelik akkuraat, 'n mate van detail</td><td rowspan="2">(1)
GEMIDDELD
Matige poging aangewend om ‘n bibliografie saam te stel</td></tr>
<tr><td>(2)
AANVAARBAAR
Ietwat samehangend, weinig akkuraatheid, gebrek aan detail</td></tr>
<tr><td>(0–1)
ONAANVAARBAAR
Onsamehangend, onakkuraat, onvolledig</td><td>(0)
ONAANVAARBAAR
Geen bibliografie nie</td></tr>
<tr><td colspan="2">Totaal: (8 + 2) = 10</td></tr>
</table>

5.3 PAT 1: Konsertvoordrag – Besigheidsplan

PAT 1: KONSERTVOORDRAG (OPSIES 1, 2 en 3) (vervolg)

Assesseringsverslag: BESIGHEIDSPLAN **Totaal: _____/10**

Leerder se naam	Datum
Komponis en/of titel	Instrument

INSTRUKSIES

1. Verskaf 'n geskrewe besigheidsplan rakende die begroting en kopiereg vir 'n konsert waarin die voordrag sou kon plaasvind.
2. **Begroting:** Stel 'n gebalanseerde begroting (uitgawes gedek) vir die konsert op. Sluit die volgende in:
   Uitgawes: Kostestruktuur van 'n erkende konsertvenue vir die spesifieke styl van musiek, kunstenaarsgelde, kopiereggelde en enige ekstra fooie (die huur van instrumente/ beligting/klanktegnici, ens.).
   Inkomste: Beraamde inkomste deur kaartjieverkope (kaartjieprys soos bepaal deur produksiekoste en bywoningsyfers van 70% van die venue-kapasiteit).
3. **Kopiereg**: Voltooi 'n aansoekvorm vir voordragregte van die spesifieke werk ongeag die ouderdom van die komposisie. In die geval van 'n nuwe komposisie, heg 'n voltooide aansoekvorm vir kopiereg-registrasie aan. Die vorm kan by https://musicuser.samro.org.za/forms/I-Licence-Agreement.pdf afgelaai word of aanlyn by https://musicuser.samro.org.za/ voltooi word.
4. Punte sal toegeken word vir aanbieding en inhoud.

Kommentaar
Onderwyser 1: Naam en handtekening
Onderwyser 2: Naam en handtekening

ASSESSERINGSINSTRUMENT VIR BESIGHEIDSPLAN (OPSIES 1, 2 en 3)

BEGROTING (LYS MET UITGAWES UITEENGESIT) **15**	**KOPIEREG (RELEVANTE AANSOEKVORMS VOLTOOI) 5**
(12½–15) UITSTEKEND Samehangend, omvangryk	**(5) UITSTEKEND**
(10½–12) GOED Meestal samehangend, gedetailleerd	**(4) GOED**
(9–10) GEMIDDELD Redelik samehangend, 'n mate van detail	**(3) GEMIDDELD**
(6–8) AANVAARBAAR Ietwat samehangend, gebrek aan detail	**(2) AANVAARBAAR**
(0–5) ONAANVAARBAAR Onsamehangend, onvolledig	**(0–1) ONAANVAARBAAR**
	Totaal: (20 ÷ 2) = 10

5.4 PAT 1: Voorbeelde vir Improvisasie

- Die voorbeelde vir improvisasies in hierdie PAT-dokument dien slegs as basiese riglyn.
- Onderwysers mag hulle eie akkoordblaaie/skeletpartiture voltooi wat meer toepaslik is vir hulle eie omstandighede. Hierdie self-gegenereerde PAT'e moet van dieselfde standaard as die voorbeelde in hierdie dokument wees.
- Die voorbeelde is slegs 12–16 mate lank. Die finale voordrag vir die PAT moet egter minstens 24 mate lank wees.
- Die opsies is gebaseer op die volgende progressies:

OPSIE	PROGRESSIE
1 en 2	Blues
3	Barok
4 en 5	Akkoordprogressies wat algemeen in moderne Afrika-konstrukte van marabi, kwêla en mbaqanga voorkom
6	Nie-melodiese improvisasie

IMPROVISASIE (voorbeelde)

OPSIE 1

Klavierbegeleiding

EXAMINATION BLUES



AKKOORDBLAD VIR TRANSPONERENDE INSTRUMENTE

EXAMINATION BLUES
Klarinet, Tenoor-/Sopraansaksofoon, Trompet in B^{b}



EXAMINATION BLUES
Altsaksofoon in E^{b}



EXAMINATION BLUES
Franse Horing in F



EXAMINATION BLUES
Klavier, Klawerbord, Kitaar, Perkussie
Konserttoonhoogte



OPSIE 2

Klavierbegeleiding

BLUES

Lively



AKKOORDBLAD VIR TRANSPONERENDE INSTRUMENTE

BLUES
Klarinet, Tenoor-/Sopraansaksofoon, Trompet in B^{b}



BLUES
Altsaksofoon in E^{b}



BLUES
Franse Horing in F



BLUES
Klavier, Klawerbord, Kitaar, Perkussie
Konserttoonhoogte



OPSIE 3

Klavierbegeleiding

PACHELBEL'S CONTEMPLATION



AKKOORDBLAD VIR TRANSPONERENDE INSTRUMENTE

PACHELBEL'S CONTEMPLATION
Klarinet, Tenoor-/Sopraansaksofoon, Trompet in B♭

Reverently but not too serious ♩ = 116 - 124



PACHELBEL'S CONTEMPLATION
Altsaksofoon in E♭

Reverently but not too serious ♩ = 116 - 124



PACHELBEL'S CONTEMPLATION
Franse Horing in F

Reverently but not too serious ♩ = 116 - 124



PACHELBEL'S CONTEMPLATION
Klavier, Klawerbord, Kitaar, Perkussie
Konserttoonhoogte

Reverently but not too serious ♩ = 116 - 124



OPSIE 4

Klavierbegeleiding

PHONELA'S JIVE



AKKOORDBLAD VIR TRANSPONERENDE INSTRUMENTE

PHONELA'S JIVE
Klarinet, Tenoor-/Sopraansaksofoon, Trompet in B^{b}



PHONELA'S JIVE
Altsaksofoon in E^{b}



PHONELA'S JIVE
Franse Horing in F



PHONELA'S JIVE
Klavier, Klawerbord, Kitaar, Perkussie
Konserttoonhoogte



OPSIE 5

Klavierbegeleiding

DBE SHUFFLE



AKKOORDBLAD VIR TRANSPONERENDE INSTRUMENTE

DBE SHUFFLE
Klarinet, Tenoor-/Sopraansaksofoon, Trompet in B^{b}



DBE SHUFFLE
Altsaksofoon in E^{b}



DBE SHUFFLE
Franse Horing in F



DBE SHUFFLE
Klavier, Klawerbord, Kitaar, Perkussie
Konserttoonhoogte



OPSIE 6

Perkussiebegeleiding

MATSATSANTSA A PITORI



5.5 PAT 2: Komposisie OF Verwerking

PAT 2: KOMPOSISIE OF VERWERKING

Assesseringsverslag **Totaal: _____/50**

Leerder se naam	Datum		
Titel van stuk	Dui keuse met 'n kruisie (X) aan	**Komposisie**	
Instrument(e)		**Verwerking**	

INSTRUKSIES

Komponeer 'n oorspronklike werk of verwerk 'n bestaande komposisie wat aan die volgende vereistes moet voldoen:

1. **Omvang:** Minimum lengte: 24 mate. Enige tydmaatteken behalwe 2/4-tyd.
2. **Instrumentasie:** Klawerbordinstrument met/sonder solo-instrument; sanger met instrument(e); ensemble van ten minste DRIE (3) instrumente; vokale ensemble of koor (SATB, TTBB, SSA, TTB);
   Inheemse Afrika-musiek: Instrumentale en/of vokale musiek en dans (met drama opsioneel) wat die rol van musiek in die inheemse Afrika-gemeenskapslewe uitdruk, bv. ontspanning, werk, inisiasie, of religieuse aktiwiteite.
3. **Styl:** Tonale harmoniese basis; duidelike melodielyn(e); homofoniese of polifoniese tekstuur. Komposisies of verwerkings vir slaginstrumente: neem idiomatiese ritmiese beginsels as vertrekpunt.
4. **Partituur:**

- Westerse Kunsmusiek: Lewer 'n gedetailleerde geskrewe/gedrukte partituur in; met uitvoeringsaanduidings ten opsigte van tempo, dinamiek, artikulasie en karakter. Die gebruik van geskikte notasiesagteware word aangemoedig.
- Jazz: Die komposisie/verwerking mag soos volg aangebied word:
  (a) 'n gedetailleerde partituur soos hierbo beskryf, OF
  (b) 'n lewendige opname met 'n gepaardgaande gedetailleerde skeletpartituur (met genoteerde melodieë, ritmes en akkoordsimbole), of 'n skematiese diagram (met die struktuur van die liedjie en aanwysings vir spesifieke instrumentale of vokale partye).
- Inheemse Afrika-musiek: Die komposisie/verwerking mag soos volg aangebied word:
  (a) 'n gedetailleerde partituur vir vokale ensemble of koor in tonika-solfa, OF
  (b) 'n lewendige opname met 'n gepaardgaande gedetailleerde skeletpartituur (met genoteerde melodieë, ritmes en akkoordsimbole), of 'n skematiese diagram (met die struktuur van die liedjie en aanwysings vir spesifieke instrumentale of vokale partye). Die skematiese diagram moet instruksies vir die dans, sowel as die drama (indien van toepassing) insluit.

ASSESSERINGSINSTRUMENT EN NASIENRIGLYNE VIR KOMPOSISIE OF VERWERKING

BESKRYWING	MAKSIMUM PUNT	LEERDER SE PUNT
Instrumente/Stemme Keuse van instrumente/stemme en die gebruik daarvan in die komposisie of verwerking	10	
Kreatiwiteit Kreatiwiteit van skryfwerk, oorspronklike idees, musikale elemente, styl	20	
Partituur Nakoming van musiekkonvensies (bv. notasie-, en uitvoeringsaanduidings) wat geskik is vir die gekose styl van die komposisie of verwerking	10	
Algemeen Verwesenliking van die doel van die komposisie of verwerking, aanbieding van die partituur, netheid, gereedheid van partituur vir uitvoering/uitsaai	10	
TOTAAL	**50**	

Kommentaar

Onderwyser 1: Naam en handtekening

Onderwyser 2: Naam en handtekening

5.6 VOORBEELDE VIR VERWERKING

- Die voorbeelde van verwerkings in hierdie PAT-dokument dien slegs as basiese riglyn.
- Onderwysers mag hul eie aanvangstimulus genereer wat meer toepaslik vir hul eie spesifieke situasie is.
- Hierdie self-gegenereerde PAT'e moet van dieselfde standaard wees as die voorbeelde wat in hierdie dokument gegee word.

OPSIE 1

Verwerking

SONG FOR ENID



OPSIE 2

Verwerking

LOVE ME TENDER



OPSIE 3

Verwerking

ISHANDA-PHA LA SE DBE



6. VERKLARING VAN EGTHEID

VERKLARING VAN EGTHEID

PORTEFEULJE

MUSIEK Graad 12

Naam van Skool: _____

Ek verklaar hiermee dat alle werk in hierdie portefeulje my eie oorspronklike werk is.

_____ _____
Handtekening van Leerder Datum

_____
Naam van Leerder

Ek onderskryf bogenoemde verklaring deur die leerder.

_____ _____
Handtekening van Onderwyser Datum

_____
Naam van Onderwyser

Skoolstempel

7. VOORGESTELDE BRONNE

WESTERSE KUNSMUSIEK (WAM)

BOEKE
Bennett, R. *Enjoying Music Book 1*, Longman 1991
Bennett, R. *Form in Music*
Boyden, D. *An Introduction to Music*, Faber Paperbacks
Hosier, J. *Instruments of the Orchestra*, Oxford University Press
Warburton, A. *Analysis of Music Classics Book 1 and 3*, Longman

INTERNET:
Wikipedia:
1. Musical composition
2. Arrangement

YouTube: Improvisation

JAZZ

BOEKE:
The Garland Handbook of African Music 2nd Edition. Edited by Ruth M Stone

INTERNET:
Wikipedia, the Free Encyclopaedia
www.music.org.za
http://www.routledge.com
www.afribeat.com
http://www.southafrica.info

INHEEMSE AFRIKA-MUSIEK (IAM)

BOEKE:
Agu, Dan CC. *Form and Analysis of African Music*
Carver, M. *Understanding African Music*, Rhodes University
The Garland Handbook of African Music 2nd Edition. Edited by Ruth M Stone

INTERNET:
Wikipedia, the Free Encyclopaedia
http://www.southafrica.info
www.music.org.za
http://flatint.blogspot.com
http://www.routledge.com

OF

ENIGE ANDER TOEPASLIKE BRONNE

8. WOORDELYS VAN TERME

- **Akkoordblad (`Chord Chart´)**

'n Akkoordblad is 'n baie basiese vorm van musieknotasie wat 'n liedjie se akkoord-progressie aandui. Die melodie word nie genoteer nie. Dit word meestal deur begeleiers in popmusiek gebruik. Daar is twee tipes:

1. Slegs lirieke met akkoordsimbole bokant die lettergreep waarop die harmonie verander.

   Voorbeeld:

LOVE ME TENDER

G A7
Love me tender, love me sweet;

D7 G
Never let me go.

2. 'n Enkele notebalk wat toonsoort en maatsoort aandui, met lirieke onder die balk en akkoordsimbole bokant die balk. Polsslae word met skuinsstrepe ('slash notation'). aangedui. Soms word ritmepatrone met konvensionele notasie aangedui.

   Voorbeeld:



- **Skeletpartituur ('Lead Sheet')**

'n Skeletpartituur is 'n verkorte vorm van musieknotasie vir die noodsaaklikste elemente van ‘n stuk/liedjie: melodie, harmonie, basiese struktuur en lirieke (waar dit n liedjie is). Dit word algemeen deur soliste en begeleiers in jazz, pop en kontemporêre musiek gebruik.

'n Enkele notebalk word gebruik met die melodie in die G-sleutel genoteer. Lirieke verskyn onder die balk en akkoordsimbole bokant die balk. Skeletpartiture mag ook ander inligting bevat, soos tempo- en vorm-aanduidings, sowel as kitaar-akkoord-diagramme.

Voorbeeld van 'n gewone skeletpartituur:



Voorbeeld van 'n gedetailleerde skeletpartituur:



- **Skematiese Diagram**

'n Skematiese diagram is 'n grafiese voorstelling van die komposisie/verwerking wat vir die PAT ingelewer word. Dit behoort belangrike inligting soos die struktuur van die liedjie (vers, refrein, brug, ens.) en aanwysings vir spesifieke instrumentale of vokale partye in te sluit.

Die volgende voorbeeld van 'n skematiese diagram sluit inligting in soos:

- Die toonsoort, tydmaatteken en tempo-aanduiding
- Die vorm van die stuk: 32-maat AABA-vorm met bykomende inleiding en naspel (afsluiting)
- Die voordragstyl: 8-maatslag 'swing'
- Die hantering van die melodie en begeleidende partye
- Spesifieke begeleidende instrumente en die rol wat elkeen speel
    - Klavier speel arpeggio's
    - Baskitaar speel grondnote
    - Tromboon speel gidsnote
    - Saksofoon speel melodiese vullers
    - Tromstel se in- en uittreepunte

SKEMATIESE DIAGRAM

What A Wonderful World

(Woorde & Musiek deur Bob Thiele en George David Weiss)

TOONSOORT: C	TYDMAATTEKEN: 12/8	TEMPO: 72 bpm

INLEIDING	**4 mate** Klavier: Arpeggio's Bas: Gly in Tromstel: Vul in
A1 ***(Vers)***	**8 mate** Melodie: Stem Klavier: Arpeggio's/Akkoorde Bas: Grondnootpatroon Tromstel: 8-maatslag swing
A2 ***(Vers)***	**8 mate** Almal gaan voort soos in A1, plus: Tromboon: Voeg gidsnote in agtergrond by Saksofoon: Toonleerlopie skakel met B
B ***(Refrein)***	**8 mate** Tromstel: Vul en eindig Melodie: Stem Alle instrumente: Ritmiese comping in unisoon (triool-/swing-gevoel)
A3 ***(Vers)***	**8 mate** Melodie: Stem Klavier: Arpeggio's/Akkoorde Bas: Volle maat grondnote Saksofoon: Vullers aan einde van vokale frases
NASPEL	**4 mate** Stem a cappella Alle instrumente in op finale kadens

- **Partituur**

'n Partituur (ook genoem bladmusiek) is 'n geskrewe voorstelling van 'n komposisie in gedetailleerde musieknotasie, wat musieksimbole gebruik om so noukeurig as moontlik die komponis se wense ten opsigte van toonhoogtes, ritmes, akkoorde en uitvoeringsaanduidings aan te dui. Dit word algemeen in klassieke musiek gebruik, maar kan ook vir jazz en popmusiek gebruik word. Dit is die mees gesofistikeerde notasiesisteem om te gebruik vir komplekse komposisies.

Voorbeeld van 'n vokale partituur (SATB):



9. ADDENDUM: VOORGESTELDE BESIGHEIDSPLAN

Dit word aanbeveel dat die begroting op 'n Excel-sigblad uiteengesit word. Om die konsertbegroting op te stel sodat uitgawes deur inkomste gedek kan word, kan die volgende ingesluit word:

- **Konsertdetail:**
  Gee 'n bondige oorsig van die konsert, insluitend die geleentheid se naam, datum, ligging en die hoofuitvoerders of kunstenaars.

- **Uitgawes: 1. Venue**
  Spesifiseer die gekose venue, die kapasiteit en huurkoste.
  Dui aan of ekstras ingesluit is, of nie, en maak 'n lys van die koste: venue-personeel, verhoogopset, klank- en beligtingtoerusting, sekuriteit, ens.
  Uitgawes: 2. Kunstenaarsgelde
  Maak 'n lys van alle kunstenaars met hul onderskeie fooie. Dui aan of verblyf- en reisonkostes (S&T) ingesluit is.
  Uitgawes: 3. Ander
  Maak 'n lys van enige ander uitgawes soos kopiereggelde, bemarking, spyseniering, of vervoeronkoste.

- **Inkomste: Kaartjieverkope**
  Bepaal die kaartjieprys gebaseer op die produksiekoste en winsdoelwitte.
  Bereken inkomste op 'n bywoningsyfer van 70% van die venue-kapasiteit.

- **Balanseer die Begroting**
  Dui deur middel van 'n wiskundige som aan hoe onkoste deur inkomste uitgekanselleer word.

10. GEVOLGTREKKING

Na voltooiing van die praktiese assesseringstaak moet leerders in staat wees om hulle begrip van die bedryf te demonstreer; hulle kennis, vaardighede, waardes en redenasievermoëns te versterk, en ook betrekkinge buite die klaskamer te vestig en uitdagings in die wêreld daar buite aan te durf. Die PAT ontwikkel verder leerders se lewensvaardighede en gee hulle die geleentheid om by hulle eie leerervarings betrokke te wees.

Kopiereg voorbehou